# Laerskool Eligwa

30 Julie 2024

Geagte Ouers / Voogde

NUUSBRIEF NR. 10 VAN 2024

Graag bring ek die volgende onder u aandag:

1. **FINANSIëLE STATE**

   Laerskool Eligwa kry jaarliks 'n skoon oudit vanaf die ouditeure waarop ons baie trots is. Die state is by die skool beskikbaar om te besigtig.

2. **PERSONEELSAKE**

   Dit is met groot hartseer dat ons moet afskeid neem van Mev. Simoné Erasmus wat 'n permanente departementele pos gekry het in Alberton . Ons wil vir haar baie dankie sê vir die onbaatsugtige diens wat sy vir die skool en die gemeenskap gelewer het. Ons wens vir haar 'n wonderlike toekoms toe en bid God se seën oor haar uit.

   Ons verwelkom graag vir Mev. Marnie Rautenbach by Eligwa. Baie geluk met die aanstelling en baie welkom by ons skool. Mag u sommer baie gelukkig wees en vinnig inskakel in ons gemeenskap.

3. **AANLYN INSKRYWINGS VIR GRAAD 1 (2025)**

   Die aanlyn inskrywings vir Graad 1 – leerlinge vir 2025 het reeds op Donderdag 11 Julie 2024 geopen en sluit Maandag, 12 Augustus 2024. Die volgende is baie belangrik:

   3.1 U **MOET** aanlyn registreer by www.gdeadmissions.gov.za . U sal dadelik 'n waglysnommer per sms ontvang wat u onmiddellik na Mev. Swart in die kantoor moet deurgee.

   3.2 U kind word geplaas volgens **registrasiedatum** en **tyd**. U moet dus die oggend wat die registrasies open, onmiddellik registreer om u plek te verseker.

   3.3 Al is u kind in Graad R by Laerskool Eligwa, en u het reeds 'n papieraansoekvorm ingedien, **MOET U HOM / HAAR STEEDS AANLYN REGISTREER. SLEGS AANLYN REGISTRASIES WORD DEUR DIE DEPARTEMENT AANVAAR.**

4. **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

   Ons buitemuurse aktiwiteite is volstoom aan die gang. Baie dankie vir elke ouer, afrigter en deelnemer se tyd en opoffering om daarvan 'n sukses te maak. Baie geluk aan Keegan van Aswegen wat gekies is vir die 0/12 Sedibeng krieketspan. Baie geluk ook aan Kayvian Gorrie, Estian Aucamp en Zandrey Steinmann wat deurgaan na die Gauteng Individuele Skaakkampioenskappe. Ons is voorwaar trots op julle.

**5. VROUEDAG**

Neem nou alreeds kennis dat Vrydag, 9 Augustus Vrouedag is. Dit is dus ‘n langnaweek.

**6. PRODUKSIE 2000**

Produksie 2000 besoek ons skool weer op Donderdag, 29 Augustus 2024 . Die tema is SUPERSTERRE - “Groot of klein, jonk of oud, ons almal het ‘n behoefte aan iets – iets wat ons dryf om goed te voel en ‘n betekenisvolle lewe te ervaar. So, stel jou doelwitte, maak jou planne en volhard tot hulle bereik word! Wees die superster in jou eie wêreld! Kostes beloop R30 per kind en u het tyd tot 28 Augustus 2024 om die betaling te doen.

**7. KLANKIE BANKIE**

Baie geluk aan Mia Janeke (Gr. 4) wat deelgeneem het aan die Klankie Bankie waar al die dorpskole deelgeneem het. Sy het ‘n eerste plek behaal. Ons is voorwaar trots op jou.

**8. BOK FRIDAY**

Leerlinge mag die Vrydag voor ‘n rugbytoets ‘n groen rugbytrui of ondersteunershemp dra. Die vergunning word gemaak tot aan die einde van die rugbyseisoen . Slegs groen ondersteunershemde of truie sal toegelaat word.

**9. ENTREPENEURSDAG**

Ons Gr.7- leerlinge hou op 16 Augustus 2024 hulle jaarlikse entrepeneursdag. Ondersteun hulle asseblief.

**10. MNR EN MEJ ELIGWA**

Ons gaan hierdie jaar weer ‘n Mnr. en Mej. Eligwa aanbied. U het reeds al die inligting ontvang.

**11. MINIHOKKIEDAG**

Op 31 Julie 2024 ons die minihokkiedag aan. Ons gaan om 13:00 sluit omrede die wedstryde om 14:00 begin. Gr. 1 tot 3-leerlinge sal om 12:45 sluit om die druk van die hekke te verlig. Dankie vir u begrip in die verband.

**12. WETENSKAP OLIMPIADE**

Ons Gr. 7-leerlinge het deelgeneem aan die Departement se Wetenskap Olimpiade Kompetisie. Ons is baie trots op Aiden van den Bon wat ‘n eerste plek behaal het.

Groete



**BD BOSHOFF**
**HOOF**

H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate ● ✉ 11 ● VANDERBIJLPARK ● 1900 ● ☎ (016) 933-4774 ● E-pos: eligwa@mweb.co.za